**MAANDAG 27 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 24:24-27**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 24:25A**

**Feliks - Ware vryheid en geluk is net in Christus te vind (Vryheidsdag)**

Die naam Feliks beteken "gelukkig". En Antonius Feliks (van ons Skrifgedeelte) kon homself inderdaad as gelukkig beskou. Sy familie was vrygelate slawe, maar sy broer kom in guns by keiser Nero en beding vir Feliks ’n hoë pos in Judea. So het Feliks baie meer vryheid en voordele as die meeste mense van sy tyd gehad.

Feliks wou homself egter nog meer gelukkig maak. Hiervoor gebruik hy wreedheid, lis en korrupsie. Toe hy byvoorbeeld die beeldskone Drusilla ontmoet, raak hy ontslae van sy eie vrou en huur ’n towenaar om Drusilla te oortuig dat die gode haar gelukkig sal maak as sy van haar man skei en met Feliks trou.

Die plan werk en in ons Skrifgedeelte is die skone Drusilla, skaars 20 jaar oud, "wettig" Feliks se vrou. Sy is by Feliks as hy omkoopgeld van Paulus probeer afpers in ruil vir sy vryheid.

Die apostel Paulus ken die enigste ware vryheid en geluk, en hy bied dit gratis aan. Paulus praat met Feliks en Drusilla oor hoe om in die regte verhouding met God te kom ("geregtigheid" - OAV), oor selfbeheersing en die komende oordeel (24:25). Verseker het Paulus ook die vergewing van sondes deur Jesus en die ewige lewe verkondig. Feliks en Drusilla stel egter uit. Hulle sal Paulus later weer roep. Van uitstel het ongelukkig afstel gekom.

Die aardse geluk en vryheid wat so baie mense (ook vandag nog) nastrewe deur mag en lis en korrupsie en losbandigheid, hou nie. Feliks raak uiteindelik so omstrede dat hy alle voordele verloor en in politieke obskuriteit verdwyn.

En die skone Drusilla? Van haar is dit bekend dat sy op 25 Augustus 79 nC saam met die inwoners van die stad Pompeï deur die lava van vulkaan Vesuvius verswelg word. Toe was dit vir haar vir goed te laat om die ewige vryheid en ware geluk te vind.

*Sing: Psalm 112-2:1, 3*
*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*